Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

"Not merely by the words you say,
Not only in your deeds confessed
But in the most unconscious way
is Christ expressed…"
Beatrice Cleland

God gee hulle weer 'n kans

Eksodus 34

Moses klim die berg op. Met twee plat klippe in die hand, is hy op pad na God toe sodat die 10 gebooie vir 'n tweede keer opgeskryf kon word. God het sy volk 'n tweede kans gegee (na die eskapade van die goue kalf). Wanneer Moses klaar by God was en teen die berg afkom, gebeur daar 'n baie interessante ding: sy gesig blink. En hy weet dit nie! Dit het heeltemal onbewustelik met hom gebeur.

Moses het eintlik niks gedoen dat dit met hom gebeur nie. Hy was net bo-op die berg by die Here, in Sy teenwoordigheid. Om net daar te wees by God, het hom (Moses) laat begin blink. Die feit dat hy onbewustelik geblink het, sê vir my dat hy nie uit homself iets probeer vermag het nie. Hy het niks indrukwekkend probeer doen nie. Sy blink is eenvoudig deur God aan hom as geskenk gegee omdat hy by God was. God se blink/skyn het op Moses afgevryf. En Moses se blink/skyn het op die volk afgevryf.

Ons hoef nie meer vandag berge te klim nie. Vandag leef God in elkeen van ons se harte deur sy Gees. Hy vra net dat ons Hom ontvang. Dat ons doelbewus in sy teenwoordigheid ons tuis maak. Hy wil ons opgewonde maak, ons laat blink, oor wie Hy is.

Sondag 8 September

God gee hulle weer 'n kans
Eksodus 34

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief (doop)	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Hemel-op-Aarde projek

Sondag 15 September

God bo alles
Eksodus 40:34-38

08:00 Meditatief	Schalk Treurnicht
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Schalk Treurnicht
09:30 Informeel	Breda Ludik
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Breda Ludik

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Bekkie Nieuwoudt - kanker
Rehanna Nolte (16jr) - operasie agv kanker
Maricha Elliot-Wilson - ernstige beserings na val met fiets
Willie Agenbacht - pasaangeër

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - Psalm46:10!

What's Happening

Dagboek:

Dinsdag 10 September
06:00 Kom bid saam

Woensdag 11 September
19:00 Doopgesprek

Donderdag 12 September
09:30 Bybelstudie - afsluiting
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Woensdag 18 September
Kerkraadsvergadering om 19:00 in die Kapel

Vrydag 11 Oktober
Lentemakietie en gemeentebraai

Saterdag 12 Oktober
Lentemakietie

Sondag 13 Oktober
Jubeljaar nagmaal

Sondag 13 Oktober
Klassieke Klanke Konsert

Vrydag 25 Oktober
Gr 1-3 oorslaap

Benodig:

Dienssentrum benodig asb 'n **yskas** om skenkings van groente langer vars te hou. Indien jy dalk een vir hulle wil gee, kontak asb vir Yolandè by 021-850 6911

Pêrel Projek is op soek na borge om 'n **gras-snyer** te kan koop of 'n 2dehandse grassnyer wat oortollig is.
Die grassnyer sal gebruik word om die speelparkie by Croydon Kleuter-skool te sny. 'n Nuwe grassnyer kos omtrent R 3000. Kontak asseblief vir Frederike van Schalkwyk by frederikevanschalkwyk@gmail.com of 076 177 6256

Dienssentrum benodig asb 'n **manspersoon** wat Woensdae-oggende tussen 8:30 en 9:30 brood by winkels in Somerset-Wes kan oplaai en dan by die Dienssentrum aflaai. Dienssentrum se bakkie word daar-voor gebruik. Yolandè 021-850 6911

Doop op 8 September

Meditatiewe diens 09:30
Cor en Anna Pretorius met Mimi Natalia

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

‘n Persoonlike woord

Na die meer as 32 jaar waarin ek bevoorreg was om’n leraar in Helderberg Gemeente te wees, het die tyd nou gekom om wortels op te trek – 4 maande voor my uittreedatum in die NG Kerk. Ek sluit my bediening hier af op 20 Oktober en vertrek dan teen die einde van November na Edinburgh, Skotland, waar ek vir ’n jaar lank sal saamwerk met Rev. Neil Gardner in Canongate Kirk van die Church of Scotland (die Presbiteriaanse kerk).

Canongate Kirk is ’n gemeente wat meer as 900 jaar gelede gestig is en die kerkgebou is in 1693 voltooi. Na my jaar daar sal ek skuif na een van die 120+ vakante gemeentes in die Church of Scotland.

Hoewel die uitdaging van die bediening in Skotland ’n opwindende vooruitsig is, is dit nog pynliker as wat ek gedink het om hier te begin groet. Dit was ’n geweldige voorreg om in hierdie gemeente die Here te kon dien saam met soveel besonderse mense. Ek is oortuig dat ek ’n klomp skatte uit die gemeente saamdra na die Church of Scotland, wat tans in ’n moeilike stryd teen groeiende sekularisme gewikkel is. In die 2016 sensus in Skotland het 52% van die inwoners van die land aangedui dat hulle van geen kerkverband is nie, en die getal kerkverlaters groei by die dag. Daar is nog sowat ’n derde van die land se inwoners wat lidmate van die Church of Scotland is, maar nie almal is meer met oorgawe betrokke nie. Dat daar groot uitdagings voorlê is gewis. Ek is oortuig daarvan dat die Here my roep om daar te gaan diens doen. Boonop kan ek so gaan staan in die skoene van my groot-oupagrootjie wat in die Inverness omgewing ’n leraar was. Ek kan ook op hierdie manier dankie sê vir die wonderlike leraars wat hulle in die 19^{e} eeu vir die NG Kerk gestuur het toe ons ’n tekort aan predikante gehad het. – onder andere Andrew Murray (sr.).

Breda Ludik

Foto regs is die Canongate Kirk in Edinburgh

JUBELJAAR Makietie

Ons word 50 en vier fees

Vrydag, 11 Oktober tot Sondag, 13 Oktober

Vrydagaand
Gemeentebraai en stalletjies

Sondag
Nagmaal
Klassieke Klanke Konsert

Wat kan Maatjie optel?

Ons staatmaker Maatjie is besig om voorraad bymekaar te kry vir die wit olifant tafel van die makietie. Alles wat jy wil weggee kan jy na die kerkkantoor bring of as jy dit nie kan bring nie sal Maatjie dit kom haal. Merk dit asseblief vir wit olifante. Fondse gaan vir die kerkkas.
Maatjie Botha
021-855 8372 of 082 619 9040

Saterdag
Lentemakietie stalletjies

Stalletjies

Enige iemand wat belangstel in ‘n stalletjie kan ‘n epos vir meer inligting stuur na events@nghelder.co.za. Dit kan omgeegroepe, Uitreik-projekte of buite-uitstallers wees vir kos, handwerk of produkte. Ons wil soveel moontlik stalletjies alreeds vanaf Vrydagmiddag en -aand hê.

Soek ’n boek

Ons beplan ‘n lekker boekverkoping tydens die Lentemakietie, ***maar dan het ons boeke nodig. Lekker baie boeke!*** En dis waar jy kan help. Gaan staan voor jou boekrak en haal alle boeke uit wat jy nie weer gaan lees nie en bring dit asseblief kerkkantoor toe. Ons soek lekker leesboeke wat ander ook sal wil lees, dalk ‘n kookboek of tuinboek wat nie meer gebruik word nie, letterlik enige boek op jou rak of koffietafel wat jyself nie sou omgee om aan te skaf nie.

Kortom; Enige boek wat nog in ‘n goeie toestand is, Afrikaans of Engels.
Alle fondse van die Boekeparadys is ten bate van die kerkkas

Kontak Annette Gerber by 082 545 7718

Dankie, Helderberg Gemeente

Julle geweldige ondersteuning en saamstap gee die Hemel-op-Aarde projek vlerke. Dankie aan elkeen wat bydra - julle is kosbaar vir ons en help ons om ons Remediërende Intervensieprogram gratis aan 1 770 voorskoolse leerders uit bitter moeilike omstandighede te bied. Saam help julle ons om vir die leerdertjies 'n stewige akademiese fondasie te lê en om God se Woord aan hulle te bring. Julle help om vir hulle 'n beter toekoms moontlik te maak.

Die Hemel-op-Aarde Projek is reeds by 31 skole en crèches in die Wes-Kaap (Helderbergkom, Grabouw, Kylemore, Franschhoek en die Kaapse Vlaktes) geïmplementeer. Ons lei vanjaar 56 onderwysers in hierdie skole op om die program in hulle eie klasse aan te bied.

Opleiding, kwaliteitskontrole en meting is baie belangrike elemente in die struktuur van die Hemel-op-Aarde program. In Jakarta word ons program op presies dieselfde wyse uitgerol, nadat pastoor Yusup Lifire en sy vrou, Warni, verlede jaar al die pad uit Indonesië gekom het vir opleiding.

Vier skooltjies daar gebruik reeds die program en ons is ontsaglik opgewonde oor die nuus dat die Lifire's nou ook die program na Bandun (so 100km van Jakarta) neem. Binnekort begin ons ook met 'n aanlyn opleidingsprogram.

Kom besoek gerus ons uitstalling in die tent na afloop van die diens – ons het nog soveel meer om te deel en ons sal graag vir elkeen wat reeds bydra persoonlik wil dankie sê!
Lees meer by www.hoep.org.za

Helderberg UITREIK

Koördineerder:
Sunette Erasmus
sunette.erasmus@outlook.com
082 408 1624

Projekleier:
Anton van Geest
anton@apros.co.za
083 377 1973

Preparing pre-schoolers to prosper!

Top juniorspan van Rapportryers-Bybelvasvra 2019

Ons wens die junior Bybelvasvra-span van De Hoop (hulle is almal lidmate van ons gemeente) hartlik geluk! Hierdie vier graad 5 meisies, loop al ‘n pad saam van byna 3 jaar. Hulle is gekroon as die top juniorspan van regoor die hele land, uit 30 spanne. Dit het plaas-gevind oor twee rondtes. Hulle teksgedeeltes vir hierdie afgelope rondte was Lukas 2, asook Eksodus 16, 17, 18 en 19. Beide rondtes het bestaan uit drie afdelings: meervoudige keuse-vra, kortvrae en dan ‘n snelsoek afdeling.

Op die foto van links: Marli van Zyl, Milah Derks, Judith de Bod en Anné Botha

Wat ‘n wonderlike en lekker manier om so te kon besig wees in God se Woord. Ons is baie trots op julle! Ons bid vir hulle baie seën toe wanneer hulle die volgende twee jaar in die senior afdeling gaan deelneem.

Ek gaan volgende jaar met ’n nuwe graad 3 groepie begin. Enige iemand wat wil betrokke raak en wil help as afrigter, kontak my gerus. Sal lekker wees as ons ’n seun-span ook kan hê.

Lizl Botha (lizl@nghelder.co.za)

Wine&Dine in style

Vrydag 8 November @ 19:00
Kom geniet ‘n eksklusiewe wyngeleent-heid met keurige kos @ R300 pp.
Kaartjies by Ontvangs te koop.
Heerlike musiek, ‘n bekende wyn-persoonlikheid as gasheer en wynproe kompetisie – gaan die aand die moeite werd maak.
Navrae: events@nghelder.co.za

Onthou op die webblad (www.nghelder.co.za) by Helderberg Mark kan enige projek, instansie of privaat persoon iets adverteer/soek/bied. Gaan na die webblad, regs bo en kies “Adverteerders”. Registreer en volg die maklike stappe. Jy kan ook jou behoeftes plaas op die Facebookgroep met die naam: Helderberg Gemeente gesels lekker.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*